Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 12 MAART 2010

Met so baie dinge wat by die skool gebeur en so baie tyd wat die kinders se akademie en sportaktiwiteite in beslag neem, is dit tog ons wens dat elke huishouding ook die nodige tyd sal hê om sinvol met mekaar om te gaan. Tyd is kosbaar – gebruik dit oordeelkundig.

BELANGRIKE DATUMS:

- **Skole sluit** op Vrydag, **26 Maart om 11:00** vir alle leerders.
- **Skole her-open op 13 April om 07:25 vir alle leerders en nie op 12 April nie. Die rede is dat die personeel van Primêre Skool Jim Fouché op 12 April met 'n verpligte kursus, wat deur die Departement aangebied word besig sal wees.**

NEEM ASSEBLIEF KENNIS VAN DIE VOLGENDE:

Die elektroniese groot hek aan Lavenderstraat se kant is toe en ouers/publiek moet deur die klein hekkie (langs die groot hek) die skoolterrein binnekom. Ouers moet dus aan die buitekant van die skool parkeer.

SNOEPIE NUUS

Aangesien die Snoepie 'n geldelike verlies ly omdat kos of lekkernye op "rekening" gekoop word, en nie betaal word nie, is ons nou genoodsaak om vanaf Maandag 15 Maart, **GEEN** kos meer op skuld aan enige ouer/leerder te voorsien nie.

Ons vra om verskoning vir hierdie ongerief, maar ons sien nie meer ons weg oop om hierdie verliese af te skryf nie.

Groete. Petro Benade.

WATERKASDENADES EN "WATER" LEMOENFEES

Wow, wat 'n fees!!! Dit was gly, smeer, eet en pure pret. 'n Groot dankie aan ons Hemelse Vader vir die pragtige sonskyndag wat Hy daar gestel het.

Die leerders het hulle gate uit geniet en binne die bestek van twee ure het ons die mooi bedrag van R5300 geïn.

Baie dankie aan al ons ouers, personeel (in besonder Soekie en Annamarie) wat gehelp het om van hierdie middag so 'n groot sukses te maak.

Dankie aan die volgende persone:

- De Nysschen Boerdery – 15 waatlemoene.
- Mnr. Pieter Venter – 15 waatlemoene.
- Mev. Jean-Marié Schoeman – 25 waatlemoene.
- Ronel Fourie – kastele en glybane.
- Mammas – sny van waatlemoene en neem van rekkies.
- Almal wat koeldrank, waatlemoene, broodjies en kontant bygedra het.

Graad 4 en 5 ouers – julle is STAATMAKERS.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

KOPLUISE EN NETE

Tans ondervind ons dat daar kopluise en nete op kinders se koppe in die skool is. Ons doen 'n beroep op ons ouers om asseblief u kind se kop in die son te ondersoek. Gebruik Gambex sjampoe of enige ander sjampoe wat by u apteek beskikbaar is vir nete en kopluise.

Indien u enige luise of nete op u kind se kop ontdek, moet u ook u kind se lakens, kussingslope en betrokke handdoeke was en stryk.

Geliewe daarop te let dat 'n leerder, wat kopluise of nete het, nie die skool mag bywoon alvorens die probleem opgeklaar het nie, aangesien dit aansteeklik is.

FINANSIES:

Almal sien seker reikhalsend uit na die vakansie wat oor twee weke begin. Dit beteken egter ongelukkig dat maandeinde weer eens in die vakansie val. U word virendelik versoek om asseblief u skoolfonds te betaal voordat die skool sluit of andersins direk by die bank in te betaal aangesien die skool eers weer in die helfte van die maand begin. Ons herinner u graag daaraan dat skoolfonds vooruit betaalbaar is, dus moet die eerste kwartaal se skoolfonds reeds betaal wees wanneer die skool sluit. Indien u 'n reëling het en daarby hou, sal dit geldig bly, asook debietorderbetalings.

Bankbesonderhede : **Jim Fouché Primêre Skool**, ABSA tjekrekening : **470420553**, tak **632005**, verwysing : u kind se **rekeningnommer of naam en van.**

NASORG GEDURENDE DIE VAKANSIE

Ons is bewus daarvan dat baie ouers tydens vakansies met hulle hande in die hare sit, omdat hulle nie weet wat om met hulle kinders te doen nie. Die nasorg dames het besluit om vir u te help. Teen R20,00 per dag per kind kan u, u kind in die nasorg dames se bekwame hande laat. Slegs Gr. 1 tot 7 kinders van ons skool sal vir eers ge-akkommodeer kan word.

Voor hierdie diens geïmplementeer word moet ons eers 'n opname maak van ouers wat belangstel. Indien u belangstel in sodanige diens, vul asseblief die afskeurstrokie in en stuur dit so gou moontlik terug skool toe.

AFSKEURSTROKIE:

Ek, ...ouer van

.....Gr.....

stel belang om van die vakansiesorg gebruik te maak teen R20,00 per kind per dag.

HANDTEKENING: .....

Tel. No. .....

Romeine 1: 16 en 17

Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood. In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

PARKWEG
GEMEENSKAPS
POLISIËRINGS FORUM

BIED AAN

VEILIGHEID EN SEKERITEITS
OPE DAG

BOBBIESPARK, BLOEMFONTEIN
13 MAART 2010
08:00 - 13:00

BAIE UITSTALLERS TE SIEN
BAIE PRYSE TE WEN
HOPE VERMAAK
KOM MAAK Ñ DRAAI



BABBELBEKKIES
KREATIEWE
VAKANSIESORG

Ek bied vakansiesorg aan
die komende vakansie
by my huis te Salie straat 3,
Gardeniapark, Bloemfontein
vir
Graad 1 tot 3 leerders.
Koste – R 50-00 per dag,
bring eie kos en drink goed
Maandag tot Vrydag 07:00 tot 17:30
29-3-2010 tot 9-4-2010 (vakansiedae uitgesluit)
Kontak Nelia Muller, 0837078140 vir besprekings voor 17-3-2010

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms